



GOD HET MY SYNE GEMAAK

Die oorsprong van die verbond

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat God hulle op 'n spesiale manier Syne gemaak het.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet God het besluit om hulle Syne te maak.

Gesindheid

Die kinders moet bly wees dat God hulle Syne gemaak het.

Vaardigheid

Die kinders moet uit dankbaarheid dat God hulle Syne gemaak het, hulp gaan verleen waar dit ook al nodig is.

MEER INLIGTING (Genesis 17: 1-9)

Dit gebeur elke dag dat mense met mekaar 'n ooreenkoms maak. Wanneer jy by die winkel iets koop, kan jy dit nie net van die rak af haal en by die winkel uitstap nie. Die winkeleienaar sê dat jy enigiets in die winkel kan kry as jy daarvoor betaal. Dit wat jy wil hê, word eers joune wanneer jy dit koop. Daar is dus 'n ooreenkoms tussen jou en die winkeleienaar. 'n Ooreenkoms is iets wat twee mense met mekaar reël – jy en die winkeleienaar. Die winkeleienaar doen van sy kant af iets, en jy doen van jou kant af iets.

God het met Abraham 'n ooreenkoms gemaak. Elkeen van die twee partye in hierdie ooreenkoms – God en Abraham – doen iets van hulle kant af sodat hierdie ooreenkoms werk. God maak aan Abraham die belofte dat Hy altyd na Hom sal kyk. God het self besluit om dit te doen. Niemand het Hom gedwing om dit te doen nie. God is lief vir Abraham, en daarom het Hy vir hom gesê dat Hy **altyd** vir hom en sy kinders, en al hulle kinders, sal sorg. Abraham en sy nageslag behoort aan God omdat Hy besluit het dit moet so wees.

Omdat God gesê het dat Hy vir Abraham se kinders en ook al die geslagte van die wêreld sal sorg, kan ons weet dat God ook vir ons sorg en dat ons aan Hom behoort. Omdat God vir ons

lief is, het Hy ons ook Syne gemaak. Net soos wat Hy aan Abraham belowe het dat Hy vir hom sal sorg, belowe Hy ons dat Hy vir ons sal sorg. Dit doen God omdat Hy vir ons lief is en nie omdat enige iemand Hom dwing om dit te doen nie.

As ons weet dat ons aan God behoort, is ons bly daarvoor. As ons bly is, beteken dit dat ons net soos Abraham moet weet dat God elke oomblik by ons is. Daarom is ons gehoorsaam aan Hom. Ons lewe soos wat Hy van ons vra. Ons moet ook vir mekaar lief wees, mekaar versorg, nie baklei nie en mekaar help.

God gee vir ons 'n bewys dat Hy ons Syne gemaak het en dat ons aan Hom behoort. Wanneer kinders gedoop word en ook wanneer ons daaraan dink dat ons gedoop is, help God ons om te onthou dat Hy vir ons lief is en dat ons aan Hom behoort. Wanneer jy by die winkel iets gekoop het, kry jy 'n kwitansie. Daardie kwitansie is die bewys dat jy betaal het vir dit wat jy gekoop het en dat dit nou aan jou behoort. Die Doop is ons *kwitansie* dat ons aan God behoort.

Daar is 'n ooreenkoms tussen ons en God dat Hy altyd vir ons sal sorg. Daarom moet ons gehoorsaam aan Hom lewe. God het besluit om ons Syne te maak, en daarvoor is ons baie bly!

AANBIEDING

JY HET NODIG

- Die Bybel.
- Die kinders moet elke Sondag hulle Bybels saambring. Prent dit by hulle in en laat hulle gereeld tekste wat relevant is, opsoek. Hulle moet aan die Bybel *gewoond* raak.
- 'n Kwitansie van iets wat jy gekoop het.

KOM ONS BEGIN

Heet alle kinders en veral nuwes in die gemeente welkom. Sorg dat alle administrasie-aangeleenthede gedoen en afgehandel word volgens die gebruik van jou gemeente.

Open met gebed.

VANDAG LEER ONS

God het ons sy eiendom, sy besitting, gemaak. Ons is sy kinders en ons behoort aan Hom. Met die Doop gee God vir ons 'n sigbare bewys dat Hy ons Syne gemaak het. Wanneer ons sien hoe die Doop bedien word, moet ons daaraan dink dat God ons sy kinders gemaak het. Die belofte wat God baie lank gelede aan Abraham gemaak het, is ook waar vir ons. God het belowe dat Hy ons God sal wees. Hy sal ons seën, vir ons sorg en goed wees vir ons.

IETS INTERESSANT

Dra die gegewens by MEER INLIGTING aan die kinders oor. Beklemtoon dat God 'n ooreenkoms met ons aangegaan het om vir ons te sorg.

IETS BELANGRIK

Lees Genesis 17: 1-9 en beklemtoon vers 7.

IETS OM TE DOEN

Laat die kinders die volgende vrae in hulle boeke beantwoord. Gee hulle 'n paar minute kans. Laat hulle hulle antwoorde lees en help hulle reg waar nodig.

- Wie het besluit dat ons aan God moet behoort? *God self het so besluit.*
- Wat het God aan Abraham belowe? *Dat Hy altyd sy God sal wees en hom altyd sal help.*
- Geld hierdie belofte ook vir ons? *Ja, ons is deel van Abraham se nageslag.*
- Hoe kan ons seker wees dat God se belofte aan Abraham ook vir ons is? *God verseker ons daarvan deur die Doop.*
- Daar is 'n *ooreenkoms* tussen ons en God: Hy sal altyd vir ons sorg.
- Hoe voel julle daarvoor dat God jou Syne gemaak het? *Ons is bly daarvoor.*

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat die kinders volgende week hulle lidmaatboekies saambring en vir die ander vertel waar hulle gedoop is en wie hulle gedoop het.
- Laat hulle die vrae en antwoorde hierbo gaan leer.

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 294: 3 te sing of hardop te lees.

*Dankie vir genade, Heer,
dankie dat ek van U leer;
dankie dat u Woord en Gees
my ook laat gehoorsaam wees. Amen.*

VIR DIE KATEGEEET

Reël vroegtydig met die predikant om Les 3, wat handel oor erediensdele, saam met jou aan te bied.